

Tuisblad

## Kruisteling kán gehalte verbeter

Deur **JOHAN COETSEE** ([jcoetsee@landbou.com](mailto:jcoetsee@landbou.com))

Dit is algemeen bekend dat Dorperlammers dikwels op 'n taamlik jong ouderdom reeds oorvet is. Verbruikers hou weens gesondheidsredes nie van té vet vleis nie en soek gewoonlik vleis van klas A1- of klas A2-karkasse. Dorperkarkasse is gewoonlik klasA3 of klasA4 as die skape in goeie weidingstoestande geslag word as hulle meer as 35 kg weeg.

Maar deur oordeelkundig kruisteling toe te pas, is dit moontlik om 'n swaarder slaglam te teel wat nie oorvet is nie.

Dr. Jasper Cloete, 'n dosent in kleinveekunde aan die Kaapse Instituut vir Landbou-opleiding op Elsenburg, buite Stellenbosch, was betrokke by 'n ondersoek na die kruisteling van rasegte kommersiële Dorper-ooie met Ile de France-, SA Vleismerino-en Merinolandskaap-ramme. Die doel van dié kruisteling was om die vetpersentasie te probeer verminder sodat 'n groter lam van minstens 45 kg en wat nie oorvet is nie, bemark kan word.

Hy sê die ondersoek is op die Nortierproefplaas naby Lambertsbaai gedoen waar 250 kommersiële Dorper-ooie sowat twee jaar lank in kruisteelprogramme met kommersiële Ile de France-, SA Vleismerino- en Merinolandskaap-ramme gebruik is. Rasegte Dorper-ramme by rasegte Dorperooie is as kontrole gebruik. Die diere is op natuurlike veld aangehou.

Wat het uit die ondersoek na vore gekom?

Cloete sê die verskil in geboortegewig tussen die verskillende kruislammers was minimaal en van geen belang nie. Maar met speentyd op 100 dae was die Dorper-Ile de France- en die Dorper-merinolandskaap-kruislammers beduidend swaarder as die rasegte Dorperlammers en die Dorper- SA Vleismerino-kruislammers. Dorper-Ile de France-kruislammers was gemiddeld 10 % swaarder en Dorper-Merinolandskaap-kruislammers gemiddeld 5 % swaarder as rasegte Dorperlammers uit die kontrolegroep.

Daar was ook baie min verskil in die oorlewingskoers van die verskillende kruis- en kontrolegroep-lammers.

Lammers is op 45 kg (lewende gewig) geslag om te bepaal of die kruislammers werklik minder vet het as die rasegte Dorperlammers, wat reeds bo 35 kg oorvet begin raak.

Wat slagouderdom betref, was Dorper-Ile de France-kruislammers gemiddeld 17 dae vroeër slaggereed (45 kg) as Dorper-SA Vleismerino-kruislammers en 20 dae vroeër as rasegte Dorperlammers.

Wat vetdiepte - waarskynlik die belangrikste aspek by vleisgradering - betref, is gevind dat rasegte Dorpers se vetdiepte op twee gemete plekke (by die 13de rib en by die derde en vierde lumbale werwel) onderskeidelik gemiddeld 2,16mm en 2,65mm was.

Die vetdikte by die kruislammers was onderskeidelik 1,6mm tot 1,7mm by die eerste meetplek en 1,9mm tot 2,2mm by die tweede plek.

Cloete sê daar is tans ondersoeke by die Universiteit Stellenbosch aan die gang om dié verskynsel verder te ondersoek. Wat dus uit die ondersoek na vore gekom het, is dat die vleiseienskappe van Dorpers in normale en/of ideale toestande deur oordeelkundige kruisteling verbeter kan word, meen hy.

Vleis is vandag nie 'n goedkoop kommoditeit nie. Daarom is dit belangrik dat sagte, goeie vleis met minder vet aan die verbruiker beskikbaar gestel word. Sodanige kruisteling is waarskynlik die beste manier om dit reg te kry. Nog dieptenavorsing is egter nodig, sê Cloete.

Landbouweekblad